**PARKSIG**
**Eiendomsagentskap**
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
1486 — Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
**EDDIE DE BEER**
**Diamantslyper**
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

JAARGANG XVII | WOENSDAG 12 SEPTEMBER 1962 | NR. 10

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# KOTIE DE JAGER - NUWE VOORSITTER

**„Dit is 'n van God gegewe voorreg om van diens te kan wees", het mnr. Kotie de Jager, die pasverkose voorsitter van die Studenteraad vir 1962/63 gesê toe die nuwe Studenteraad van die oue oorgeneem het op 'n massa-vergadering, gehou op Dinsdagaand 11 September in die Totiusgedenksaal.**

**Mnr. De Jager het voorts gesê dat elke voorreg verpligtinge meebring. Die verpligtinge is in hierdie geval: respek, selfrespek en lojaliteit. Die intrinsieke waarde van 'n verpligting is egter dat dit vir ander van nut kan wees.**



Hy het ook klem gelê op die eenheidsoptrede wat van die Studenteraad moet uitgaan en dat hulle nie as 'n afgesonderde groepie, wat gereeld vergader, beskou moet word nie maar as ware verteenwoordigers van die massa. Daar moet wedersydse vertroue en lojaliteit wees en gewaak moet word teen 'n onverantwoordelike veroordeling van die Studenteraad. „Die sukses van die Studenteraad hang ook in 'n groot mate van u af", het mnr. De Jager gesê.

Daar moet nie 'n oordrewe idealisme wees nie. „Ons moet ons voete op die grond hou", maar 'n Studenteraad sonder ideale is geen Studenteraad nie.

Ten slotte het hierdie nuwe leier van die P.U. Studentegemeenskap verklaar: „Dit is ons bede dat ons krag sal ontvang en ons vertrou dat u as massa soos een man die taak van die Studenteraad sal verlig."

In sy aftreerede het mnr. Koos du Plooy, voorsitter van die aftredende Studenteraad, gevra dat die massa dieselfde samewerking en lojaliteit aan die nuwe Studenteraad moet gee.

Om op die Studenteraad te dien is nie soseer 'n eer nie as wat dit 'n geleentheid is om te dien, het mnr. Du Plooy gesê.

„Ons studentelewe is 'n model waarna ander Universiteite opsien." Maar, ons moet waak dat ons leuse en besondere karakter nie vir ons 'n dooie letter word nie," het hierdie veteraan van die P.U. studentelewe gewaarsku. Nie net na buite nie maar ook na binne, hier in eie kring moet ons leuse uitgebou word.

Van die Afrikanerstudent in die algemeen het mnr. Du Plooy gesê dat die dae verby is dat die Afrikaner 'n bedelaar is. „Dit was tot nou toe 'n stryd om erkenning maar van nou af is dit 'n stryd om uit te bou wat ons het."

Ander belangrike agendapunte op die massa-vergadering was die Finansiële Jaarverslag van die penningmeester en die Jaarverslag van die ou voorsitter.

Ook is verskeie wisseltrofeë aan uitblinkers op byna elke gebied van die studentelewe oorhandig:

Die Besembos-wisseltrofee vir die beste artikel in die Besembos: mej. Dubbel.

Debat-wisseltrofee vir die beste redenaar: mej. Barbara Geertsema.

P. C. Kruger-wisseltrofee vir Skaak: Andre Coetzee.

Van Rooy-wisseltrofee, ook vir Skaak: Heimat.

P. W. Buys-wisseltrofee vir die persoon wat besonderlik bygedra het tot die bevordering van kultuur: Naas Raubenheimer.

Glaser-wisselbeker vir Jukskei: J. van Vuuren.

Davy Robertson-wisseltrofee aan die atleet wat die meeste punte vir die P.U. Atletiekklub op byeenkomste ingesamel het: Pietman Botha.

Claudia de Jager-wisseltrofee vir tennis: Dawie du Plessis.

Corry van Rooy-wisselbeker vir die bevordering van sport (dame): mej. Magaretha Bingle.

De Klerk-wisselbeker vir bevordering van sport (man): Gert Scholtz.

Joan Ingram Barry-trofee vir die wenners van die Debatsvereniging se vasvraliga: Heimat.

Ook is aangekondig dat mnr. J. H. van der Walt die meeste fondse ingesamel het en dus die wenner is van 'n gratis vakansie na die Kariba-meer.

## Studenteraad 1963

Voorsitter: J. J. de Jager.
Onder-voors.: I. van der Walt.
Sekretaris: C. J. H. Venter.
Onder-sekretaris: S. J. du Plessis.
Penningm.: J. P. Aucamp.
Damesvert.: B. A. Geertsema.

Kors:
P. A. Venter.
J. J. Venter.

A.S.B.:
P. P. Kruger.
P. J. J. S. Potgieter.

A.B.K.K.:
P. E. Buys.
G. P. Aucamp.

S.S.B.:
J. L. Ras.
P. F. van der Schyff.



## J. J de Jager

Die verkiesing van die voorsitter van die Studenteraad het vanjaar geen verrassing opgelewer nie. Mnr. Kotie de Jager is 'n man wat reeds vanaf 1957 voltyds in die Studentelewe gestaan waarin hy dan ook homself deeglik laat geld het.

In 1956 het hy aan die hoërskool Ladybrand gematrikuleer waarna hy hom in 1957 aan die P.U. gewend het om hom te bekwaam as predikant. In 1959 behaal hy dan ook sy B.A.-graad en is tans besig met sy derde jaar aan die Teologiese Skool.

Kotie het reeds op verskeie terreine van die studentelewe uitgeblink. So was hy vir verskeie jare 'n uitblinker op die atletiekgebied waarin hy sowel sy Pukerekleure as sy Wes-Transvaalkleure verwerf het. Hy dien reeds ook vanaf 1960 op die Studenteraad waar hy eers die S.S.B. op die Studenteraad verteenwoordig het en later ook as onder-voorsitter gedien het. Aan mnr. De Jager en sy Studenteraad word die allerbeste toegewens vir die uiters verantwoordelike taak wat op hulle gelê is.

## Idyll van der Walt - Ondervoorsitter



Mnr. Idyll van der Walt, die nuwe onder-voorsitter van die Studenteraad is eweneens 'n man wat reeds lang diens in die studentelewe agter die rug het.

Idyll van der Walt het in 1954 gematrikuleer aan die Afrikaanse Hoër Seunskool Pretoria In 1959 behaal hy sy B.A.-graad en is tans in sy eerstejaar aan die Teologiese Skool.

Idyll is reeds 'n ou bekende op die P.U. en is reeds bekend as 'n man van bekwaamheid. In 1960 is hy verkies tot ondersekretaris van die Studenteraad; in dieselfde jaar ook as sekretaris op die hoofbestuur van die A.S.B. Vanjaar is hy op 'n tussenverkiesing verkies tot ondervoorsitter van die A.S.B. Aan hierdie aftredende hoofredakteur van Die Wapad ons hartlike gelukwensing.

### DANKIE

*My hartlike dank aan mnr. Marius Aucamp wat verantwoordelik was vir die uitgawe van hierdie WAPAD. — I.v.d.W.*

### DANK

*Ons dank aan FOTOKUNS vir die gebruik van fotos in hierdie uitgawe en gewaardeerde hulp deur die jaar. — Red.*

**FOTOKUNS**
**Tomstraat 82 — Foon 3185 — Potchefstroom**
Sentrum vir Fotografie, Grammofoonplate en Kunsvlyt.
★
**Waarom gaan jy dorp toe**
**FOTOKUNS**
**het dit!**
Ook rottang, vilt, piouter, raffia, olie- en waterverf ens.
★

## Cassie Venter - Sekretaris

Na 'n hele paar jaar waarin mnr. Frans de Bruin die sekretariële werk op bekwame wyse



gehanteer het, gaan die pos van sekretaris van die Studenteraad vanjaar oor in die ewe bekwame hande van mnr. Cassie Venter.

Mnr. Venter het in 1957 gematrikuleer waarna hy in 1958 aan die P.U. ingeskryf het. Vanaf daardie jaar het hy dan ook op verskillende liggame op die Puk gedien. So was hy op die A.S.B.-, Besembos-, Thalia- en die Geselligheids-komitee. Mnr. Venter het dan reeds ook die A.B.K.K. op die Studenteraad verteenwoordig. Mnr. Venter is vanjaar 'n vyfdejaar student in die teologie.

## S. J. DU PLESSIS - Ondersekretaris

Die pas verkose onder-sekretaris van die Studenteraad, mnr. Fanie du Plessis, is seker een van die jongste lede wat nog ooit op die Studenteraad verkies is. Hoewel jonk het hy egter reeds sy merk gemaak in ons studentelewe.

Mnr. Du Plessis het in 1960 gematrikuleer aan die Grens Hoërskool, Oos-Londen, waar hy hoofseun was en ook uitgeblink het as sportman.

In 1961 wend hy hom na die Puk waar hy reeds in sy eerste jaar saam met Thalia getoer het. Aan die einde van daardie jaar word hy dan ook verkies as penningmeester van Thalia. Verder het hy ook gedien op die tweedejaars - komitee, Geselligheids-komitee, Die Wapad en het hy ook opgetree as redenaar namens die Puk.



## Jan Ras

Mnr. Jan Ras is een van die lede van die Studenteraad wat reeds seker van die langste diens op die Puk se studentelewe het. Hy het op alle vertakkinge sy merk gemaak en vanjaar die kroon daarop gespan met sy verkiesing tot die Studenteraad.

Hy het in 1955 matrikuleer aan die Hoërskool Stofberg en in 1956 sy studies aan die Puk begin. Vanaf daardie tyd het hy op 'n menigte komitees diens gelewer en in die meeste gevalle as voorsitter. So o.a. op die Geselligheidskomitee, Thalia, Hokkieklub, Krieketklub, Vreugdedag en selfs voetbal het sy ondersteuning geniet. Aan hierdie veteraan van die Puk se studentelewe ons hartlike gelukwensinge.

## Barbara Geertsema

Barbara Geertsema, 'n derdejaar B.A.-student, is Dinsdag gekies as damesverteenwoordigster op die Studenteraad van 1963.



Barbara het haar reeds op skool onderskei toe sy in 1959 op die Hugenote Hoër Meisiesskool die Hugenotekruis verwerf het.


In die studentelewe het sy haar plek uitstekend volgestaan. Gedurende 1962 het sy op die besture van die A.S.B. en die Korps V.V. gedien, en was ook onder-kapteine van die Korfbalklub.

Dit was egter veral as redenaar dat Barbara aandag getrek het. In haar tweedejaar het sy die Debatsredenaarstrofee voor die neuse van knap seniorstudente weggeraap. Vanjaar het sy die Wolnitredenaarskompetisie gewen, asook die redenaarskompetisie vir dames op die A.S.B.-kongres te Stellenbosch.

Barbara is van plan om na voltooiing van haar graad, U.O.D. te studeer.

## P. F. van der Schyff

Nog 'n nuwe lid wat tot die Studenteraad toegetree het is mnr. Piet van der Schyff wat die S.S.B. op die Studenteraad sal verteenwoordig.



In 1957 het hy matrikuleer aan die Potchefstroomse Gimnasium. Hy het hom veral op sportgebied onderskei hoewel hy ook op ander liggame soos Die Wapad en die Besembos gedien het. As voetbalspeler is hy egter veral bekend aangesien hy reeds ongeveer vyftig wedstryde vir die Puk gespeel het.

Hy is tans besig met sy meestersgraad in geskiedenis en die moontlikheid bestaan dat hy volgende jaar sal voortgaan met sy doktorale studies.


## P. Buys

Die algemene bestuur vir kuns en kultuur het as een van sy verteenwoordigers op die Studenteraad, die vorige penningmeester, mnr. Paul Buys aangewys.

Mnr. Buys het homself reeds uitgewys en is geen onbekende aan die massa nie. Hy het in 1958 matrikuleer aan die Hoërskool Delportshoop en het die volgende jaar aan die P.U. ingeskryf. Hy hoop om vanjaar na afloop van sy B.Comm.-graad homself as onderwyser te bekwaam.

## G. P. Aucamp

Mnr. Gregoire Aucamp is nog een van die nuwe lede wat



tot die Studenteraad toegetree het. As voorsitter van Thalia het hy reeds veel goeds gedoen vir die kulturele lewe aan die Puk.

Mnr. Aucamp het in 1959 gematrikuleer aan die Welkomse Gimnasium waarna hy in 1960 ingeskryf het aan die Puk. Hy is tans besig met sy tweede jaar B.Comm. en is van voornemens om na voltooiing van sy graad sy onderwysersdiploma te loop.

Wat die studentelewe aan die P.U. betref het mnr. Aucamp homself ook reeds betoon as 'n organiseerder en sal so sy man verder in die studentelewe goed kan staan.

## J. Aucamp

Johan Aucamp is op 30 Aug. 1942 te Pretoria gebore. Hy het sy skoolopleiding te Daniëlskuil deurgegaan waar hy in 1959 sy matriek in die eersteklas geslaag het.

As sportman is mnr. Aucamp reeds goed bekend waar hy reeds vir Wes-Transvaal in die O/19, asook vir die Puk se eerste span diens gedoen het.

Johan is vanjaar 'n derdejaar student B.Comm. en hy hoop om vanjaar na voltooiing van sy graad volgende jaar sy onderwysersdiploma te verwerf.

## P. J. J. S. Potgieter

Hy het sy skoolopleiding aan die hoërskool Otjiwarongo voltooi en het in 1960 aan die P.U. ingeskryf. Hy het reeds sowel op die sportveld as op die kulturele lewe sy merk gemaak. In sy eerstejaar het hy reeds vir die Wes-Transvaal 0/19 diens gedoen en het vanjaar vir die eerstespan uiters waardevolle diens gelewer. Verder was hy ook addisionelelid van Korps, van A.S.B. en ook konvenor van die diskoteek komitee. Dit sal seker vir die jonger garde op die Puk interessant wees om te verneem dat mnr. Potgieter se broer, Prinsloo, twee jaar gelede dieselfde pos as sy jonger broer beklee het.

## P. P. Kruger

Die pasverkose voorsitter van die A.S.B., mnr. Paul Kruger is nog een van die nuwe lede wat vanjaar tot die Studenteraad toegetree het. In 1957 matrikuleer hy aan die Jan van Riebeeck Hoër in die Kaap waarna hy hom in 1958 na Potchefstroom begewe. Sedert daardie jare het hy getrou gearbei aan die diens aan sy Alma Mater. Hoewel hy op verskillende komitees gedien het, soos bv. op die besture van Korps, Debatsvereniging en die A.B.K.K., het hy sy eintlike merk op die gebied van die A.S.B. gemaak. Vanaf 1960 was hy onafgebroke op die bestuur van hierdie liggaam en het hy as direkteur van Studie en Navorsing uitstekende werk gelewer. Vanjaar het hy die P.U.-afvaardiging na Stellenbosch gelei en daar die onderskeiding behaal om op die Hoofbestuur van die A.S.B. verkies te word.



## Jurie Venter

Mnr. Jurie Venter is gebore op 25 Maart 1942 te Benoni. Hy skryf sy matriek in 1958 te Pretoria in die Afrikaans Hoër Seunskool.

In 1959 kom hy na die Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Hy het alreeds in die jaar 1961 diens gedoen vir Korps en wel as penningmeester. In 1962 klim hy 'n trap hoër en word sekretaris van Korps.

Nou het hy die hoogste sport in die studentelewe bereik deur as ondervoorsitter van Korps hierdie liggaam op die Studenteraad te verteenwoordig.

## P. A. Venter

Piet Venter is op 28 Februarie 1939 te Oos-Londen gebore. In 1956 matrikuleer hy aan die Hoërskool Grens in die eersteklas.

Hy skrywe in 1957 aan die P.U. in, behaal die B.A.-graad in 1959 en die B.A. Honns. in Semitiese tale in 1960.

Mnr. Venter is in 1960 verkies tot voorsitter van die Skaakklub en A.B.K.K.-lid. In 1961 word hy voorsitter van Thalia en ook voorsitter van die A.B.K.K. In daardie jaar was hy ook sekretaris van Korps. Hy dien ook in 1961 op die Studenteraad.

Vanjaar is mnr. Venter hoofredakteur van *Die Besembos*. Hy is dus iemand met goeie ondervinding in die studentelewe en sal as voorsitter van Korps en verteenwoordiger van daardie liggaam op die Studenteraad 'n groot bydrae tot ons studentelewe kan maak.



**Joubert Meubels**
KERKSTRAAT 201 — POTCHEFSTROOM — TELEFOON 21
VIR MODERNE MEUBELS EN ALLE HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die jongste plaatopnames — Kom besigtig ons groot reeks.

Wes-Transvaalse

SPORT-WINKEL

Kerkstraat 85

enigste verskaffer van

Offisiële Kleure

SUPERETTE

Tomstraat 100

Potchefstroom

Gerieflike en moderne self-bediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van

KRUIDENIERSWARE,
KOMBUISBENODIGDHEDE
en
GROENTE teen laer pryse.

Fleurette Bloemiste

Sleep in by:

*Fleurette vir julle blomme*
*Spesiale afslag.*

Kerkstraat 143 — Telefoon 709

Lucille
die deftigste
DAMESWINKEL
in die dorp

Onthou 3091

Skakel hierdie nommer vir diens!

DIE BULT APTEEK

Tomstraat 86

Ons spesialiseer in:

★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate.

★ Egte Franse DANA PARFUUM, en

★ Aptekersbenodigdhede

Ondersteun Oud-Pukke

INSLEEP

Dames en Here.
Kom besoek die
Afrikanerkafee

Ons is altyd tot u diens. melk, 5 sent per pint.

*„Die Wapad" word gedruk deur Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olëngewers, die S.R. van die P.U. vir laan 11, Potchefstroom vir die uit-C.H.O., Potchefstroom.*

# Hoofdame verlaat P.U.

Mej. A. B. de Kock, hoofdame van die drie dameskoshuise, sal as 'n besonder veelsydige en aktiewe student onthou word.

Sy is reeds in haar derde jaar as huiskomiteelid van Klawerhof gekies en word aan die einde van die jaar hoofdame van die koshuis.

Op sportgebied het Alta haar in die besonder onderskei en vanjaar Wes-Transvaalse kleure verwerf. Reeds in haar eerste jaar het sy in die Suid-Afrikaanse kampioenskappe op Cradock 'n tweede plek in werpskyf behaal en die Suid-Afrikaanse rekord vir dames spiesgooi geslaan.



In dieselfde en die daaropvolgende jaar het sy op die Dalrymple tweede plekke in werpskyf verwerf. Vanjaar het sy weer eens aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem.

Op die gebied van tennis is mej. De Kock op die oomblik die Puk se nommer een damespeelster — nadat sy reeds vanaf haar eerste jaar in die eerstespan speel.

Sy was 'n gereelde speelster van die korfbalspan en het vanjaar vir Wes-Transvaal verteenwoordig.

Tydens haar verblyf op die Puk het sy op die volgende besture gedien: Tennis, atletiek en tafeltennis.

Mej. De Kock het die afgelope drie jaar met die Alabama-studentegeselskap saamgetoer, vanjaar in die hoedanigheid van reismoeder en dien ook op die bestuur.

Verder het sy op die Geselligheidskomitee gedien en vanjaar op die A.B.K.K.

Reeds op skool het sy haarself bewys waar sy hoofprefek was en haar matriek met 'n eersteklas en onderskeidings in Wiskunde en Boekhou afgelê het. Alta het verlede jaar haar B. Comm.-graad verwerf en loop vanjaar U.O.D.

Ons sal mej. De Kock onthou as 'n besonder aangename persoonlikheid, wat nooit die moeite ontsien het om met raad en daad by te staan waar sy kon nie.

# LYDIA STRIJDOM

Mej. Lydia Strijdom, hoofdame van Piet Groblerhuis, wat die Puk aan die einde van die jaar verlaat, sal lank onthou word vir haar bekwame leiding in hierdie amp.



Veral onder die eerstejaars sal sy altyd bekend staan vir haar besliste optrede en opregte voorligting.

Lydia het ook diep spore in die Thalia-toneelgroep nagelaat. Behalwe dat sy op die Thalia-bestuur gedien het, het sy die dameshoofrol in die 1961-toertoneel „Liefde en Spelfoute" vertolk.

Sy sal egter veral onthou word vir haar bekwame spel in die 1962-toertoneelstuk „Die Vonkel in haar oë."

Mej. Strijdom het verlede jaar haar B.Sc.-graad met Plant- en Dierkunde as hoofvakke, behaal en volg tans die U.O.D.

Sy verwag om aanstaande jaar skool te hou op Middelburg, Transvaal — op dieselfde skool waar sy hoofmeisie was en haar matriek met eersteklas en onderskeidings in Biologie en Boekhou behaal het.

Ons wens haar alles van die beste toe vir die toekoms. Ons dank aan haar vir haar diens aan die Universiteit en die studentegemeenskap.

# Hans sê dankie

Graag wil ek langs hierdie weg alle Pukke wat die 1962-Intervarsity te Bloemfontein met prysenswaardige geesdrif bygewoon het, gelukwens met en bedank vir hulle daadwerklike en morele ondersteuning op dié terreine waar ondersteuning nodig was.

Hoewel hierdie grootste gebeurtenis van die jaar vanuit 'n Puk-oogpunt in baie opsigte teleurstellend was, was dit tog 'n verbetering op die vorige Vrystaat-intervarsity (1960). Ek grond my bewering veral op die volgende:

(i) In 1960 is Intervarsity met twee punte verloor; vanjaar met een. Die 1964-kragmeting behoort dus ten minste gelykop te eindig.

(ii) Nog nooit tevore het so 'n groot aantal Pukke 'n Intervarsity buite hulle tuisdorp ondersteun soos juis vanjaar nie. Dit is bemoedigend en u as massa verdien 'n pluimpie daarvoor. Vir my het dit voorgekom of daar op 18 Augustus meer Pukke as Kovsies op die Vrystaat Stadion was.

(iii) Die reëlings aan U.O.V.S. se kant was vanjaar baie beter as in die verlede. Dit het veel daartoe bygedra dat die onderlinge verkeer tussen die twee groepe studente opvallend spontaan was.

Die trein het egter nie op 'n aanbevelenswaardige tyd in Bloemfontein aangekom nie. Van 'n groot gedeelte van die aanmoediging wat die middag nodig was, is reeds teen drie-uur die oggend op die stasie ontslae geraak. In hierdie opsig is daar ongetwyfeld kans vir verbetering.

'n Woord van spesiale dank aan Sarie (Deffies), Hendrien en Anne-Marie wat gesorg het vir die opknapping van die dirigentuitrusting. Ook my dank aan Jan wat in 'n laat stadium die onder-dirigentskap oorgeneem het en hom so goed van sy taak gekwyt het.

Hans van Zyl.

*Naskrif:*

Indien ek 'n oordrag en aanbeveling aan toekomstige dirigente kan doen, sal ek hulle aanraai om nie die oggend van Intervarsity 'n voetbalwedstryd te speel nie — mens kan dalk hard op jou agterkop gelak word.

# LENTEFEES

'n Lentefees, om die afsluiting van die jaar se lesings in die lentemaand te vier, word deur die Geselligheidskomitee beoog.

Die fees sal op Saterdag 13 Oktober om 6.30 nm. by die Potchefstroom-dam gehou word. Die hoofgeregte van die aand sal braaivleis en vrugte wees — geen etes sal die aand in die koshuise bedien word nie.

Geen vaste program is al vasgestel nie maar die moontlikheid bestaan dat die verskillende koshuise gevra sal word om elk met 'n item voor die dag te kom.

'n Besondere aangename aand word in die vooruitsig gestel.

# SPARTACUS

SPARTACUS, een van die mees aanskoulike rolprente wat nog vertoon is, word op Saterdag 22 September as massafliek in die Grand-teater vir die studente aangebied.

SPARTACUS is die verhaal van 'n slaaf wat teen die magtige Romeinse Ryk in opstand gekom het en die ganse slawedom meegesleur het tot getrouheid in die dood.

Dit sal die moeite loon om die aand te kom deurbring by SPARTACUS, met Kirk Douglas in die titelrol en Jean Simmons teenoor hom.

Kaartjies sal verkoop word tot op Vrydag 21 September en die prys is 33 sent per persoon, tesame met 10 sent vir vervoer. Dorpstudente kan hulle geld by die Studenteraadskantoor afdra.

Die Internasionale Paspoort tot Rookgenot




Vervaardig in Suid-Afrika. Ook in Amerika, Toronto, Londen, Amsterdam, Dublin, Berlyn, Sydney, Auckland en Salisbury.

PS248a

# VOLLEDIGE UITSLAE

## Volkspele

Leier: N. P. Heysteck.
Leidster: H. le Roux.
Sekretaris: J. Bradley.
Penningm.: P. Bingle.
Add.-lede: S. Kruger en P. van der Walt.



★

## Skaak

Voorsitter: A. Coetzee.
Onder-voors.: H. Vahrmeyer.
Sekr.: A. G. P. van der Walt.
Penningm.: J. A. Rautenbach.
Add.-dameslid: M. Vorster.

★


## Debat

Voorsitter: F. A. de Villiers.
Onder-voors.: Johan Wessels.
Sekr./Penningm.: K. Jordaan.
Add.-dameslid: A. Venter.
Add.-manslid: S. J. du Plessis.

★

## Tennisklub

Kaptein: P. van der Walt.
Onder-kapte.: A. Venter.
Sekretaris: G. Scholtemeyer.
Penningmeester: W. Vorster.
Add.-lede: A. Badenhorst, K. Meintjies en H. Jamneck.



## Alabama

Voorsitter: N. Enslin.
Onder-voors.: P. Vorster.
Sekretaris: M. Roothman.
Penningm.: J. Louw.
Add.-manslid: P. Venter.
Add.-dameslid: D. Joubert.

★

## Thalia

Voorsitter: G. P. Aucamp.
Onder-voors.: P. Buys.
Sekre.: K. Jordaan.
Penningm.: P. Willemse.
Add.-manslid: A. de Beer.
Add.-dameslede: A. du Plessis en S. Uys.



## Manshokkie

Kaptein: J. Ras.
Onder-kapt.: J. Reynecke.
Sekretaris: B. Strydom.
Penningmeester: J. Vorster.
Add.-lid: W. Voordewind.

★

## Korfbalklub

Kapteine: B. Bingle.
Onder-kapte.: J. Pretorius.
Sekr.: M. Vorster.
Penningm.: L. Opperman.
Add.-lede: M. Lessing en H. Grobbelaar.

★

## Atletiekklub

Voorsitter: K. Bosman.
Onder-voors.: Prof. W. N. Coetzee.
Kaptein: P. Botha.
Onder-kapteine: E. van Deemter.
Sekretaris: K. Liebenberg.
Penningm.: A. Badenhorst.
Add.-dameslid: G. Loots.
Add.-manslid: W. le Roux.

★

## Gimnastiekklub

Voorsitter: W. Putter.
Onder-voors./Kapt.: G. Oberholzer.
Kapteine: I. Schoeman.
Sekr./Penningm.: F. Buys.
Add.-lede: G. Bester, S. Fourie en J. Jordaan.

★

## A.B.K.K.



Voorsitter: G. P. Aucamp.
Onder-voors.: F. A. de Villiers.
Sekr.: S. Kruger.
Penningm.: J. Louw.
Add.-lede: P. E. Buys, mej. K. Jordaan, J. Wessels, mej. A. Venter, N. Enslin, P. W. Vorster, A. Coetzee, J. Vahrmeyer, A. G. P. van der Walt, N. P. Heystek, P. J. van der Walt.

★

## Tafeltennisklub

Kaptein: A. Venter.
Kapteine: T. Pretorius.
Sekretaris: P. Marais.
Penningm.: P. de Klerk.
Add.-lede: M. Styger en K. Viljoen.

★

## Krieket

Kaptein: J. Vorster.
Onder-kapt.: G. van Niekerk.
Sekretaris: H. Monster.
Penningm.: H. Bouwer.
Add.-lid: G. Scholtemeyer.

★

## Dames Hokkie

Kapt.: G. C. van der Merwe.
Onder-kapt.: S. E. Martins.
Sekr.: M. van der Merwe.
Penningm.: E. van Deemter.
Add.-lede: S. Uys, S. Fourie.

★

## Stoei

Kaptein: H. Vahrmeyer.
Onder-kaptein: J. Viljoen.
Sekretaris: F. Laubscher.
Penningm.: Q. Hakkesteeg.
Add.-lid: B. Jacobs.

★

## Swem

Kaptein: P. Venter.
Onder-kapt.: Mej. L. Strydom.
Sekr.: Mej. F. Pieterse.
Penningm.: K. Liebenberg.
Add.-lede: N. Enslin, mej. E. Steyn.

## A.S.B.-bestuur

Voorsitter: Mnr. P. P. Kruger.
Onder-voors.: Mnr. P. J. J. S. Potgieter.
Sekretaris: Mnr. R. J. P. du Plessis.
Organiseerder: Mnr. J .E. Bradley.
Penningm.: Mnr. Lou van Wyk.
Add.-dameslede: Mejj. H. le Roux en K. Jordaan.
Add.-manslede: F. de Villiers, G. Schutte, P. van der Walt en F. van der Walt.

★

## Sentrale Sportbestuur

Voorsitter: J. Ras.
Onder-voors.: P. van der Schyff.
Sekretaris: A. Greeff.
Penningmeester: J. Vorster.
Add.-lede: P. J. van der Walt, P. W. Bingle snr., mej. B. Bingle, P. Botha, G. Oberholzer, E. A. Venter, mej. G. van der Merwe, C. du Toit, F. Laubscher.

★

## Korps Veritas Vincet

Voorsitter: P. A. Venter.
Onder-voors.: Jurie Venter.
Sekr.: A. Coetzer.
Add. dames-lede: S. Kruger en G. van der Merwe.
Add. mans-lede: L. Aucamp, H. Viljoen, F. van der Walt en N. P. Heystek.
Penningm.: G. Schutte.
Org.: Pieter van der Walt.



## Rugbyklub

Ere-president: Mnr. S. du Toit.
Beskermheer: Prof. I. Fourie.
Voorsitter: Prof. H. Venter.
Onder-voors.: Mnr. J. Schutte.
Kaptein: P. W. Bingle.
Onder-kapt.: P. van der Schyff.
Sekretaris: H. van Zyl.
Penningm.: J. Ackerman.
Add.-lid: K. Hattingh.

★

## Judo

Kaptein: A. Greeff.
Onder-kapte.: Mej. Kotie du Plessis.
Sekr.-Penningm.: P. S. Olivier.
Add.-lede: L. Coetzee en K. Prinsloo.


**Dis nou vir jou lewe, hoor!... en DIS VIR JOU BIER!**

***Gawe geselskap, geurige kos en koue Castle!***

As daar te kies en te keur op die tafel is en 'n man jou eerste watertand-lekker hap neem – is koue Castle dubbel welkom. Heerlike, skuimkoue Castle is geurryk aan smaak en kragryk aan goeie, gesonde bestanddele, daarby pas dit by iedere geleentheid. Geniet Castle – die keurbier vir louter plesier – in kannetjies of bottels.






SUID-AFRIKA SE UITSOEKBIER

Grant 345/5877-2A